"GOSPEL ISRAEL GALA 2012"

in JERUSALEM saam met
Ds Bernard & Marian Coetzee
Kokkie & Silvi Herman

Vertrekdatum: Vrydag, 28 September 2012



Marian & Bernard Coetzee

Silvi & Kokkie Herman

SKEMATIESE REISPLAN

(O)-Ontbyt **(M)**-Middagete **(A)**-Aandete **(*)**-Ete aan boord

Dag 1: Vrydag, 28 September
JOHANNESBURG – TEL AVIV
Ontmoet om 19:30 by die El Al toonbank in die Internasionale vertreksaal van die Johannesburgse O.R. Tambo Internasionale Lughawe. Vertrek om 23:35 na Tel Aviv. Aandete en oornag aan **BOORD (A*)**

Dag 2: Saterdag, 29 September
BEN GURION – QUMRAN – MASSADA – DOOIE SEE
Stryk om 09:40 op die Ben Gurion Lughawe neer. Ons toerbus staan gereed om ons na Qumran te neem waar die Dooie See boekrolle ontdek is. Reis verder na Massada en besoek die kruin per kabelspoor. Ons bestemming is die Dooie See wat sowat 400 meter onder seespieël geleë is. Geleentheid om op die water van die see te dryf. Aandete en oornag by die **DOOIE SEE (O)(A)**

Dag 3: Sondag, 30 September
JERICHO – BETHLEHEM – JERUSALEM
Neem vanoggend die roete na Jerigo waar ons Saggeus se wildevyeboom en Elisa se fontein te siene kry. Besoek die uitgrawings van die gevalle Jerigo stadsmure en besoek die berg van versoeking per kabelspoor. Die volgende hoogtepunt is die besoek aan die doopplek by Betabara waar Jesus gedoop is. Kies dan koers na Betlehem waar ons ook die Herdersvelde besoek. Geleentheid vir inkopies in Bethlehem waar Olyfhout-produkte baie gewild is. Reis verder na Jerusalem, die Stad van Vrede soos vroeg in die Bybel na verwys word. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 4: Maandag, 01 Oktober
JERUSALEM
Begin die dag by die Olyfberg en die tuin van Getsemané as inleiding tot ons besoek aan Jerusalem. Die huis van Kajafas, bekend as Peter in Gallicantu, is volgende op ons program. Besoek die Stad van Dawid waar die poel van Siloam en Hiskia se tonnel te sien is. Sluit die dag by die Bo-vertrek af waar die Laaste Avondmaal genuttig is. **Vanaand se hoogtepunt is die Gospel Israel Gala geleentheid op die oewer van die Middellandse See.** Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Middellandse See
GIG - 01 Oktober 2012

Dag 5: Dinsdag, 02 Oktober
JERUSALEM
Bring besoek aan die Klaagmuur. Toer dan deur die Ou Stad met die Bad van Bethesda, St Anne se kerk en volg die roete van die via Dolorosa. Sluit ons toer deur die Ou-stad van Jerusalem by die Tuingraf af waar nagmaal bedien word. Geniet 'n vroeë aandete by ons hotel. ***Vanaand se hoogtepunt is die "Gospel Israel Gala-aand" by die Ou-stad van Jerusalem. Ons gewilde Gospel-sangers gaan hierdie aand onvergeetlik maak!*** Oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 6: Woensdag, 03 Oktober
JERUSALEM
Ontbyt word in ons hotel bedien. Ons het die dag in Jerusalem vry om die Ou-stad op eie stoom te verken. Stap op die Ou-stadsmure en maak tyd om daardie belangrike aandenkings aan te skaf. Aandete en oornag by ons hotel in **JERUSALEM (O)(A)**



Jerusalem
GIG - 02 Oktober 2012

Dag 7: Donderdag, 04 Oktober
CAESAREA – MEGIDDO – CARMEL – NASARET – TIBERIAS
Ons toerbus staan gereed om ons na Caesarea te neem. Sien die indruk-

wekkende amfiteater wat op die oewer van die Middellandse geleë is. Ons volgende stop is Megiddo met sy uitsig oor die vlakte van Armageddon. Reis verder na die berg Karmel waar Elia die priesters van Baäl gekonfronteer het. In Nasaret vertoef ons by die Kerk van Aankondiging, Maria se put en Josef se grot. Ons bestemming is die See van Galilea. ***Vanaand se hoogtepunt is die "Gospel Israel Gala" lofprys- en aanbiddingsgeleentheid tydens sonsondergang op die See van Galilea.*** Reis oor Kana vir aandete en oornag in **TIBERIAS (O)(A)**

Dag 8: Vrydag, 05 Oktober
GALILEA OMGEWING

Ontbyt word in die hotel bedien. Ons program sluit vandag die hoogtepunte rondom die See van Galilea in. Besoek die boot Museum, Kapernaum, die berg van Saligsprekinge, Mensa Christi en Tabgha waar die brood en vis vermeerder is. Besoek die tradisionele doopplek by Yardenit. Keer terug na ons hotel vir aandete en oornag in **TIBERIAS (O)(A)**



See van Galilea
GIG – 04 Oktober 2012

Dag 9: Saterdag, 06 Oktober
JOHANNESBURG

Oorplasing na die Ben Gurion lughawe waar ons die vlug om 12:00 na Johannesburg haal. Stryk om 21:00 in Johannesburg neer **(O*)(M*)**

Toerprys: R21 980 gebaseer op R8,00 = US$1,00

Lugreisgeld: R7 980 / Landreëlings: R14 000 (US$1 750)
Tariewe gebaseer op 48 passasiers wat saamreis

INGESLUIT:	**NIE INGESLUIT:**
• Ekonomiese retoervlugte insluitend lughawebelasting en brandstofheffing • Lughawe/hotel retoer oorplasings • Twee etes per dag soos per program • Vierster akkommodasie • Engelssprekende toergidse en luukse toerbusse • Besigtigingstoere soos per program • Gospel Israel Gala toegangskaartjies • Fooitjies aan toergidse, busbestuurders, portiere, hotelpersoneel	• Opsionele enkelkamer US$85 per nag • Opsionele reisversekering • Opsionele aansluitingsvlugte • Opsionele besigheidsklas vlugte onderhewig aan beskikbaarheid R9 950 ***Nota:*** *Die organiserende agente behou die reg om kunstenaars of predikers te vervang indien omstandighede dit vereis. Reisplan is onderhewig aan verandering indien nodig*

StarGate international
Internasionale Groeptoer Operateurs

Vir nadere besonderhede, kontak
Bernard Coetzee
082 454 3413 / bernard@sungem.org
of Silvi Herman
083 232 7330 / silvi.herman@gmail.com